SSK

WANT OP DIE PLAAS IS WAAR MY HART IS

Junie / June 2017

WENAKKER

NUUSBRIEF • NEWS LETTER

Psalm 27: "Die Here is my lig en my heil: vir wie sou ek vrees? Die Here is die toevlug van my lewe: vir wie sou ek vervaard wees?"

DROOGTE & GELOOF stap hand aan hand

Weeber Truter, bekende Angorabok-boer van Herold, vertel van die knellende droogte wat die Heroldstreek die afgelope jaar teister. Dié streek kry gemiddeld ongeveer 150mm reën per jaar, maar moes die afgelope jaar klaarkom met slegs 40mm. Die 2016 seisoen het die nodige kos voorsien, maar omdat die reën baie min was het die boere die vee in die lande ingestuur om af te vreet wat daar was. Die oes was baie swak en van die boere het nie eers 'n oes gehad om te stoor vir voer óf vir herplant nie. Daar is van die boere wat al van Mei 2016 hulle diere moes begin voer en baie het hulle kuddes drasties verminder. Van die kuddes het jare geneem om op te bou en daar is dus nie sprake van 'n vinnige herstel nie.

Omdat Weeber noodgedwonge voer moes koop het hy vir Lulu de Jager, 'n bekende in landboukringe in Bloemfontein, gebel om te verneem na voerpryse in die Vrystaat. Lulu was daardie volgende naweek by die Angus Buchan saamtrek en sien toe heelwat bale op Ollie le Roux se plaas, Wilde Als. By navraag vertel Ollie dat hulle die bale moes baal om plek te maak vir al die kampeerders by die saamtrek en dat hy graag die 200 bale sal wil skenk. Die organisasie "Boere in Nood" het tot laatnag in die reën gehelp om die bale op die trokke te laai. Die bale het verlede week in Herold begin aankom en is verdeel tussen die boere.

Net weer 'n bewys dat droogte en geloof hand aan hand stap en dat boere mekaar help wanneer die nood druk.

- Annelie van Wyk

Ollie le Roux – 'n helpende hand.

V.l.n.r. Johan Botes, Weeber Truter, Jetro Joseph, Terry Edwards, Piet Tarentaal, Amos van Wyk, Thys Du Toit, Nico Bester, Ds. Gert Nothnagel, George van Reenen, Pieter Reynolds, Patrys Erasmus.

OAKDALE TOUTREKSPAN BESTE IN LAND!

SSK is die trotse borge van die 560 kg-toutrekspan van die Hoër Landbouskool Oakdale. Dié span is tydens die SA Toutrekkampioenskap vir die negende agtereenvolgende jaar aangewys as die SA-kampioenspan. Hulle het HTS Drostdy in die finaal geklop. Die manne sal Suid-Afrika in die 560 kg-gewigsafdeling verteenwoordig by die wêreldkampioenskap in Southport, Engeland, vanaf 18 tot 25 September 2017. Ons hou duimvas!

Oakdale Toutrek 560 A-span
Agter: v.l.n.r. Piet Lourens (afrigter), Matthys Swart, Koos Botha, Johan Swart en Tiaan Conradie. Voor: v.l.n.r.: JJ van der Vyver, Pierre Blignaut, TL Steyn en Christian Clasquin.

FOKUS OP ONS HANDELS-TAKKE

SSK AGRILAND HEIDELBERG

Dis altyd lekker om by AgriLand Heidelberg in te stap. Mense lag, gesels en groet vriendelik. Dis duidelik dat die Koöperasie dié bymekaarkom plek is vir die Heidelbergers van heinde en verre. Daar word vertel dat die vakansiegangers van Witsand en Puntjie op reëndae in Desember die Heidelberg "mall" besoek en met arms gelaai met pakkies daar uitstap. Dit is dus 'n gevaarlike plek om te besoek, want die rakke is propvol interessante produkte en 'n mens jeuk behoorlik om te koop.

AgriLand Heidelberg kry dit reg om die huislike koöperasie- en landbou atmosfeer te behou in 'n moderne winkel met breë gange en iets-van-als. Die Takbestuurder, Andre van Wyk, vertel van 'n kliënt wat 'n groot vissery oorsee bestuur, se verbasing oor die groot verskeidenheid en kwaliteit hengelprodukte beskikbaar. Volgens hom vergelyk dit goed met spesialis hengelwinkels oorsee. Die buitelewe-, kamp-, duik- en fietstoerusting maak dit beslis die moeite werd vir enige entoesias om van die N2 af te draai en die winkel te besoek.

Heidelberg is geleë op die oewer van die Duivenhoksrivier in die Wes-Kaap, ongeveer halfpad tussen Kaapstad en Knysna. Die dorp is net oos van die Overbergdistrik, en sommige beskou dit as die begin van die Tuinroete. Die dorp is gestig toe 'n NG Kerkgemeente hier gestig is in 1855 en het in 1862 'n munisipaliteit geword. Heidelberg was sedert die ontstaan van SSK in 1931 deel van die oorspronklike Swellendam Boere Koöperatiewe Vereniging, maar is eers met die stigting van die destydse Swellendam-Heidelberg Koöperatiewe Landboumaatskappy by name ingesluit. Dié 2 organisasies was die voorlopers vir die huidige SSK wat dus tans 86 jaar oud is.

Boerderybedrywighede in die omgewing fokus hoofsaaklik op graan, maar daar is ook groot melk- skaap-, volstruis-, perde-, groente-, en beesboere. Die dorp is alombekend vir die jaarlikse Pampoenfees in Maart. Hierdie jaar het Corne van Greunen 'n nuwe SA rekord opgestel met 'n reuse pampoen van 519,5kg. Die Pampoenfees is nie net bekend vir pampoene nie, maar ook vir die Osbraai, bergfietsren, kommandorit en dans die Saterdagaand van die fees.

Daar word dikwels beweer dat 'n bynaam 'n sekere teken is van 'n geliefde mens. As dit waar is, is daar verseker baie geliefde mense in Heidelberg. Ek hoor van Piet Takkies, Piet Fiets, Piet Horse, Piet Skaap en Piet Sands. Die 2 Hopkins-broers heet weer "Kiep" en "Hoppies". Selfs die Takbestuurder het 'n bynaam "Wortel", wat snaaks genoeg nie na sy rooi hare verwys nie. (vra hom gerus volgende keer om die storie van die oorsprong hiervan te vertel).

Ta' Anna se winkel neffens die handelstak is oral bekend en bemind. Janine Appollis laat niemand toe om sonder vars produkte, gebak, kruie, konfyte of lekkernye daar uit te stap nie. Nes Janine neem al die ander Heidelberg werknemers ook eienaarskap van die AgriLand winkel. Ek hoor dat hulle almal mos hoeka daar "groot geraak" het.

Ek ry by Heidelberg weg diep onder die indruk van die trots en ywer waarmee elke SSK AgriLander daar sy werk en taak bejeën en ek besef net weer: Als is wel met ons Koöperasie.

- Annelie van Wyk

Wenners by hierdie jaar se Pampoenfees op Heidelberg. V.l.n.r. Jaco Uys (tweede), die wenner, Corne van Greunen, (nuwe SA rekordhouer) en Lourens van Deventer (derde).

Die Heidelberg AgriLanders is 'n vriendelike klomp mense!

FOKUS OP SSK LEDE

ONS KUIER BY OLIVE JONKER VAN MOOIUITSIG

Die plaas "Mooiuitsig" digby Bonnievale doen sy naam gestand: nie net is die uitsig, kanale, beeste en wingerde mooi nie, maar die boer is ook boonop mooi!

Olive Jonker vertel dat sy al goed ingeburger was in die rol van "die-boer-se-vrou" en kinders grootmaak toe haar man, Adolph, skielik in 2007 oorlede is. Noodgedwonge moes sy toe skielik volwaardig "boer" word. Sy het op daardie stadium besef dat besluite wat sy tóé sou neem, nie net onmiddellike gevolge sou hê nie, maar ook 'n groot impak op haar nageslag se welstand en welvaart sou uitoefen. Hierdie verantwoordelikheidsbesef speel nou nog die grootste rol in al haar besluitnemings.

Olive, 'n nooi Lourens, het in die Rüens grootgeword en na skool op Stellenbosch 'n Honneursgraad in Dierevoeding behaal.

Sy vertel dat "die Koöperasie" (SSK) vir haar soos familie voel. Haar oupa, Petrus Gerhardus (Piet) Lourens, was een van die stigterslede van die Koöperasie en het lank op die Direksie gedien en haar broer Freddie is sedert 2011 'n SSK Direkteur. Sy het van 2007 af gereeld aan SSK se deur kom klop vir raad en daad en glo dat dié ondersteuning bygedra het tot die sukses-storie van Mooiuitsig vandag. Haar seun Nicolaas is al sedert 2012 betrokke by die boerdery en het in Januarie 2016 die operasionele sy van die plaas by Olive oorgeneem. Hy word in dié verband bygestaan deur 4 landbou-bestuurders. Olive bestuur die beestevertakking asook die 2 slaghuise, terwyl sy ook die administratiewe sy, wat finansies en menslike hulpbronne insluit, behartig.

Die plaas is in 1912 deur Nicolaas Lourens Jonker aangekoop, maar het eers werklik ná die bou van die Brandvleidam in 1923 tot sy reg gekom. Vandag produseer die wynmakery 'n wye reeks van kwaliteit wyne en is onlangs deur die Muskadelvereniging vereer met die Nasionale Goue Toekenning vir hul uitsonderlike Oude Rust Rooi Muskadel. Mooiuitsig produseer ook Hanepoot, Port, Sjerrie asook 'n verskeidenheid tafelwyne. Hul brandewyn en buchu brandewyn is ook wyd bekend. Adolph het altyd geglo dat Mooiuitsig Wynkelder, hul wynmaakproses deur die jare tot 'n kunsvorm vervolmaak het en dat die konstante produksie van gehalte druiwe die geheim van hulle sukses is.

Dit blyk duidelik uit ons gesprek dat Mooiuitsig se beeste Olive se passie is. Volgens haar is " 'n pasgebore kalfie die mooiste ding in die hele wêreld". Die beeste wei rustig op 100 hektaar aangeplante weiding aan die voet van die Sonderendberge by Stormsvlei. Voor lewering word hulle in 'n voerkraal afgerond op 'n voerrantsoen van gesnyde lusern, strooi, ingekuilde druiwedoppe en 'n klein persentasie gemengde kragvoer. Elke bees wat geslag word is self geteel en Olive weet wie die ouers was, geboortedatum, speendatum en –gewig, waar elkeen geloop het en wat elkeen geëet het. Die Jonkers se 2 slaghuise, "Meatworths" op Swellendam en Bonnievale, lok mense van heinde en verre. Kwaliteit is vir Olive ononderhandelbaar en daarom het die plaas sy eie voerkraal en die vleis is hormoon- en groeistimulant vry. Die beheer wat sy uitoefen oor die volledige waardeketting, maak dat "Meatworths" sy wye reeks produkte se kwaliteit vanaf die veld tot op die vurk kan waarborg.

Olive is in 2010 met Balie Swart, oudrugbyspeler, getroud en hulle deel 'n liefde vir sport. Hulle was boonop by die wegspring toe die 2017 Argus deur die wind gekniehalter is.

My oupa het altyd die byvoeglike naamwoord "agtermekaar" gebruik vir iemand wat bekwaam en vaardig is. Na my besoek weet ek dat Olive Jonker, sonder twyfel, 'n agtermekaar vrou en boer is. Sy vertel met passie dat boerdery vir haar die "beste werk ooit" is en dat sy goeie moed het vir die toekoms van landbou in Suid-Afrika.

Sedert 2007 is daar 'n vriend wat Olive gereeld bel met die vraag: "Het jy als by die handles?" Sy weet vandag dat 'n boer nooit "als by die handles" sal hê nie, maar sy het nie slapelose nagte daaroor nie. Haar lewensmotto bly steeds: "Doen wat reg is, rég". Juis daarom is haar nalatenskap so móói.

- Annelie van Wyk

www.mooiuitsig.co.za en www.meatworths.co.za

V.l.n.r. Nicolaas Jonker, Olive Jonker en oorlede Nicolaas Lourens (Boet) Jonker.

SSK GRAAN

Henry Gale
Senior Bestuurder: Graan
082 440 3304

Marianne Beyers
Admin Beampte: Graan | Hoofkantoor
028 514 8612

Duffy Snyman
Admin Beampte: Graan | Hoofkantoor
028 514 8612

Eddie de Jager
Senior Silo-bedryfsbestuurder
082 388 0024

Johan Kluyts
Silo-bedryfsbestuurder | Swellendam
082 389 0204

Rudolf Meyer
Silo-bedryfsbestuurder | Heidelberg
082 389 0553

Willem Lourens
Silo-bedryfsbestuurder | Protem
0823890128

Marius Stander
Silo-bedryfsbestuurder | Karringmelks
082 388 8241

Johan Germishuys
Silo-bedryfsbestuurder | Ashton
082 389 0698

Hanno Laufs
Silo-bedryfsbestuurder | Riversdal
063 695 9565

Pieter Jansen
Silo-bedryfsbestuurder | Herold
079 367 1423

Bertie Swart
Silo-bedryfsbestuurder | Krombeksrivier
072 107 5084

Nico Malan
Silo-bedryfsbestuurder | Albertinia
072 104 1732

FOKUS OP: ADAM VAN WYK (SENIOR BESTUURDER: BEDRYWE)

VERTEL VAN JOUSELF EN JOU GESIN

Ek is getroud met Lize van Wyk (nee Engelbrecht), 'n Sandvelder van Lambertsbaai. Ons het in 2012 van Vredendal na Swellendam verhuis. Ons het 'n wonderlike klein dogtertjie Ariana (2) met nog 'n klein mannetjie op pad in September dié jaar. Sy naam weet ons nog nie, aangesien daar, volgens vroulief, nie eintlik "mooi" familie name aan my kant is nie. So dit is nog 'n saak van gebed. Ek sal seker ook oor die kole gehaal word as ek nie ons Yorkie, Eva, as ons eersgeborene kind byvoeg nie.

WAT DOEN JULLE GRAAG?

Ons gaan stap graag en as ons 'n kans kry kies ons die pad na 'n strand toe. Onlangs het ons ook saam begin tuinmaak by ons nuwe huis. Daar is dus ook baie doen-dit-jouself takies! Saam kosmaak is ook nogal 'n affêre in ons huis, met Ariana wat 'n onafhanklike helper is en gereeld meer buite as binne die bak help.

KORTLIKS JOU LOOPBAAN-GESKIEDENIS TOT DUSVER

Ek het studeer op Stellenbosch waar ek die grade B.Rek en B.Com Bestuursrek. (Hons) verwerf het. Daarna is ek oor die water om te gaan sien wat maak die die res van Suid Afrika in Londen. Daar het ek gewerk in finansies en het ook my Cima eksamens voltooi. Terug op eie bodem in 2004, het ek verder in verskeie finansiële poste gewerk tot 2010, toe ek meer op operasionele bestuur begin fokus het. In 2012 het ek by Southern Oil (SOILL) begin werk en het in 2016 die geleentheid gekry om by SSK aan te sluit as Senior Bestuurder: Bedrywe.

WAT IS JOU GROOTSTE LOOPBAAN PRESTASIE TOT OP HEDE?

In een van my vorige poste was ek instrumenteel om bedrog van R400 miljoen by 'n bekende pensioenfonds oop te vlek. Dat ek deel kan wees van 'n wenspan by SSK en betrokke kan wees by 'n verskeidenheid van ons filiale en hul eie unieke suksesverhale, is vir my 'n groot prestasie!

WAAR WIL JY JOUSELF EN SSK OOR 5 JAAR SIEN?

Dit sal wonderlik wees om steeds deel te wees van SSK, waar almal bou aan 'n gesamentlike visie van wat 'n koöperatiewe organisasie vir die landboubedryf kan beteken. Ek glo SSK is 'n unieke organisasie en almal sal saamwerk om te verseker dat SSK oor 5 jaar steeds 'n leier in die landboubedryf sal wees. SSK sal ook steeds die welstand van die landbou-industrie (en gevolglik die landelike omgewing) bo winsbejag stel.

WAT IS DIE BESTE RAAD WAT JY AL ONTVANG HET EN VAN WIE?

Dit sal sekerlik van my Pa wees, wat ons van vroeg af geleer het dat daar nie iets soos 'n "free lunch" is nie. Jy moet werk vir wat jy in die lewe wil hê, maar moet ook weet dat dit wat jy uiteindelik kry, van Bo is.

IETS VAN JOU WAT NIEMAND WEET NIE?

Wel, dis nie dat ek sê ek is Batman nie, maar niemand het nog ooit vir my en Batman op dieselfde tyd in een kamer gesien nie!

Wat egter wel waar is, is dat ek baie hou van houtwerk en in 'n ander lewe dit voltyds sou kon doen. Ook, dat ek van 'n klein dorpie met die naam Delportshoop, in die Noord-Kaap, kom. Min mense weet waar dit is (-28.4126974, 24.3066056 vir die wat hou van ver ry)!

SSK
SENTRAAL-SUID
KOÖPERASIE • CO-OPERATIVE
BPK • LTD

LANGDIENS ERKENNING

35 JAAR: J Dyers en HJ Alberts

30 JAAR: GF Dyers

25 JAAR: N Gwaqasa

20 JAAR: D de Boer, AS Botha en MM Kemp

15 JAAR: P Plaatjies, A Damons en JJ Geldenhuys

10 JAAR: F Smit, PJL Adonis, K Biko en EJ Mostert

SOILL en HULLETT STARCH: VERWERKING VAN MIELIEKIEM

SOILL SOUTHERN OIL (PTY) LTD

Tongaat Hullett Starch (THS) verwerk mielies na glukose en 'n verskeidenheid ander styselprodukte in 'n klein fabriek in Belville en vier ander fabrieke in Gauteng. Mieliekiem word as 'n byproduk by die fabrieke gelewer en bevat tipies 50% olie met die balans wat 'n goeie bron vir veevoer is (proteine, stysel en vesel). SOILL verwerk sedert 2006 die kiemproduksie van die Bellville-meule by hulle aanleg in Swellendam.

Kellie Becker, Besturende Direkteur van SOILL het in 2012 met THS begin onderhandel om 'n groter gedeelte van die kiemproduksie te bekom. Tydens Maart 2016 het 'n ooreenkoms in werking getree waarvolgens SOILL, 65% van THS se totale kiemproduksie bekom het. Dié kontrak is 'n groot deurbraak vir SOILL, want die mieliekiem word baie goed aanvullend tot canola-produkte bemark.

MacDonalds Transport het as 'n derde party tot die ooreenkoms toegetree. Doelgeboude tenkers is beskikbaar gemaak vir die vervoer van die produk na SOILL (sien foto regs). SOILL se klaar vervaardigde produkte word weer met dieselfde tenker, noordwaarts na kliënte in Gauteng vervoer. Dus 'n wen-wen situasie vir al die partye.

- Kellie Becker

'n BELEGGING IN GESONDHEID
AN INVESTMENT IN HEALTH

SOILL
SOUTHERN OIL (PTY) LTD

In 1993 Southern Oil (Pty) Ltd. revolutionised agriculture in the Western Cape with the introduction of Canola as a crop in South Africa. The objective was to process locally grown canola seeds and stimulate the growth of a new product in the SA market place. What began as an ambitious enterprise development project, with the aim of creating jobs, has grown from strength to strength and today SOILL is the leader in the ever growing Canola Oil market.

SOILL, wat in 1995 gestig is, getuig vandag van die versiendheid van die baanbrekers en entrepreneurs van daardie tyd. SOILL is die leier in die steeds groeiende plaaslike canola-oliemark, asook 'n toonaangewende speler in die internasionale canola-oliemarkte. Dit is merkwaardig dat die stigterslede so lank terug reeds die groeiende klemverskuiwing na gesondheidsprodukte kon voorsien en reeds toé verseker het dat SOILL gevestig en op dreef was lank voor die canolamark vlam gevat het. SOILL se moderne olie-ekstraksie aanleg en raffinadery is in Swellendam geleë, waar canolasaad vanuit die Overberg-, Suid-Kaap- en Swartland-streke hanteer en verwerk word. 'n Klein gedeelte word ook in SOILL se koue persaanleg op Moorreesburg verwerk. Nadat die olie uit die saad ge-ekstraeer is, word dit verfyn en gebottel of as waardetoevoeging tot ander produkte in die B-Wellreeks gebruik. Die B-Well handelsmerk is in 2001 geregistreer en het sedertdien 'n geliefde en alombekende huishoudelike naam geword.

Gradering en opberging geskied by 15 ontvangspunte deur hierdie lewerings-gebied. 'n Verdere 5 ontvangspunte ontvang saad en voer dit deur na die fabriek. Produsente in die SSK-produksiegebied het in 2016 'n totaal van 38% van die totale canola-produksie gelewer. SSK is nasionaal die grootste opberger en hanteerder van canolasaad.

SOILL se aandeelhouding is 'n baie goeie voorbeeld van breë basis swart ekonomiese bemagting, met werknemers van canolaprodusente wat deur die Canola Development Trust 15% van die aandele besit asook die SOILL Werknemers Trust wat 18% besit. SSK se aandeelhouding is tans 60%.

Kellie Becker, Besturende Direkteur, vertel dat SOILL konsentreer op die kwaliteitsmark met 'n kleiner fokus op die hoë-volumemark. "SOILL se prosesse en produkte gee dit 'n goeie kompeterende voordeel in die kwaliteitsmark, terwyl die hoë-volumemark aggressief gediens word gegewe die sterk kompetisie wat hier heers".

Kellie sê dat SOILL 'n maatskappy met 'n gewete is, "groot genoeg om 'n verskil te maak en klein genoeg om persoonlike diens te lewer". Die welsyn en gesondheid van sy verbruikers staan voorop en vandaar die fokus op gesonde, lekker en bekostigbare produkte wat nie die omgewing skaad nie. Kellie voeg by: "SOILL se sukses lê daarin opgesluit dat ons persoonlik betrokke is by elke rolspeler in die waardeketting en weliswaar die enigste maatskappy is, wat die hele waarde-ketting dek. Daar is 'n groeiende neiging wêreldwyd dat die verbruiker wil weet waar sy kos vandaan kom: van die lande-tot-op-die-rak. Mense lees, gelukkig vir ons, deesdae die etikette en daarom val die keuse meermale op B-Well produkte".

B-well Canolakookolie, SOILL se vlagskipproduk, beskik oor hoë vlakke van Omega 3 en net 7% versadigde vette teenoor die 12% van Sonneblomolie en 15% van Olyfolie. Dié olie word onderskryf deur die *Heart & Stroke Foundation SA* en is die enigste kookolie in Suid-Afrika wat spog met die KANSA Smart Choice stempel. Daar is ook 'n reeks van gegeurde olies soos *Cheeky chilli, Zesty lemon en Simply garlic*. Kokke gebruik dié olies vir bak en braai en selfs as bestanddeel in gebak en eksotiese poedings. Ander produkte sluit in 'n kombinasie van canola- en olyfolie, druiwepitolie, "*cooking en baking sprays*" en 2 canola-gebaseerde mayonnaiseprodukte: *Gourmet & Tangy*. Geen gemodifiseerde bestanddele word by enige van die SOILL produkte gevoeg nie. SOILL is volgens Kellie, die enigste canola-produkverskaffer vir baie van die groot en bekende kleinhandelaars.

Kellie is baie optimisties oor die toekoms van SOILL en met 'n steeds groeiende handelsmerk, is dié optimisme beslis gegrond. SOILL is aktief betrokke by die ondersteuning van canolaverbouing op plaasvlak en volgens Kellie is daar nog baie potensiaal vir groei. Ondersteuning sluit onder andere in adviesdienste, inligting oor nuutste tendense, uitruil van toepaslike inligting en hulp en onder-steuning om te verseker dat opbrengs-potensiaal bereik word.

Kies gerus volgende keer 'n B-Well produk. Dit is verseker 'n belegging in jou gesondheid en ondersteun terselfdertyd ons SSK canolaprodusente. Só werk en wen ons saam.

- Annelie van Wyk

Kellie Becker by voorbeelde van SOILL se produkreeks

WEES VEILIG EN VOORBEREID IN VAKANSIETYE

Ons moedig alle huiseienaars aan om die nodige voorsorgmaatreëls te tref, voordat u op vakansie gaan. Hier is 'n paar eenvoudige wenke wat kan verseker dat u nie na 'n ingebreekte huis, 'n gebarste geiser of enige ander ongelukkige voorval tuis kom nie:

- Maak seker dat die alarm getoets is en werk.
- Vra vir vriende of familie om in die huis te bly terwyl u weg is.
- Vra 'n buurman om 'n ogie oor die huis te hou en om die sekuriteitsmaatskappy te bel sou enige iets verdags plaasvind.
- Maak seker dat al u versekeringspremies op datum is.
- Skakel u geiser af en draai waterpunte, soos die wasmasjienkraan toe.
- Maak seker dat u bates voldoende verseker is, sodat u versekeraar nie u eis verminder as gevolg van onder versekering nie.

Vir diegene wat wegbreek na die buitelug, die volgende wenke:

- Maak seker dat u versekeringspolis u kamptoerusting, soos tente en sleepwaens, dek.
- Wees voorbereid en veilig deur altyd 'n brandemmer, brandblusser en brandkombers in te pak.
- Raak vertroud met die kampterrein se brandbeleid en die ligging van die brandblussers.

Ewe belangrik, indien jy 'n lang afstand ry, is om asseblief genoeg drinkgoed en peuselhappies te hê om jou gehidreërd en versadig te hou. Indien jy begin moeg voel, stop by die naaste petrolstasie en neem 'n behoorlike blaaskans voordat jy weer voortgaan. Die gebruik van 'n selfoon en sosiale media tydens bestuur kan gesien word as nalatige optrede deur die versekerde, en die versekeraar kan gevolglik 'n ongeluk eis weier. Dit is uiters belangrik dat jy ook seker maak dat jou voertuig in 'n werkende toestand is deur byvoorbeeld die remme, wielbelyning en bande na te gaan. Ry veilig!

- James Ackhurst
Bestuurder: Versekering

VERSEKERINGKANTORE:

- **Avontuur:** Ian du Plessis 082 783 2258
- **Heidelberg:** James Ackhurst 082 388 0030
- **Mosselbaai:** Yolanda Barnard 082 940 7233
- **Riversdal:** Jacques de Beer 082 783 1091
- **Swellendam:** Abrie Jooste 082 389 0241 / Carola Koekemoer 072 731 3739

SSK Versekering, 'n gemagtigde finansiële diensverskaffer - FSP nr 1107

Tweedehandse Toerusting

DUPIE DU PLESSIS 082 388 0031

NEW HOLLAND
CR 9080 STROPER.

BAIE GOEIE TOESTAND.
1400 ENJIN URE & 1000 ROTOR URE.
R2,900,000 + BTW

HARDI SPUIT 4200l
MET 36M BALK.

EIE VOLMAAK POMP INGESLUIT
GOEIE TOESTAND. R360,000 + BTW

Eureka Meulens Beskuit nou beskikbaar by SSK Agriland.
Volg ons op Facebook en kyk uit vir ons #RuskMoment kompetisie.

TOP 10 WYNE

DER KELDERMEISTER

1. Jakkalsvlei Rosé
2. Van Loveren Sauvignon Blanc
3. Jakkalsvlei Coffee Pinotage
4. Van Loveren Pinotage
5. Villiersdorp Hanepoot Jeripigo
6. Boplaas Sauvignon Blanc
7. Excelsior Merlot
8. Jakkalsvlei Mount Cuvée
9. Excelsior Purebred Red
10. Beyerskloof Pinotage

REËNVAL IN STREKE

	FEB	MRT	APR
Aberdeen	86mm	17mm	86mm
Albertinia	15mm	9mm	20mm
Ashton	6mm	5mm	9mm
Avontuur	1mm	17mm	35mm
George	44mm	13mm	15mm
Heidelberg	29mm	18mm	14mm
Herold	5mm	3mm	8mm
Joubertina	11mm	4mm	15mm
Karringmelks	20mm	5mm	14mm
Knysna	33mm	38mm	23mm
Misgund	16mm	10mm	8mm
Mosselbaai	47mm	31mm	10mm
Protem	9mm	5mm	18mm
Plettenbergbaai	42mm	23mm	25mm
Riversdal	11mm	4mm	15mm
Swellendam	29mm	24mm	10mm

SSK SOLAR

SSK SOLAR

SPECIALIZED SOLAR SYSTEMS®
The National Alternative Energy Supply Company
www.specializedsolarsystems.co.za

Sonkrag
Volhoubaar en koste-effektief

Hoekom sonkrag vir jou kan werk

Voordele van sonkrag:

- Sonenergie is volop, volhoubaar en hernubaar. Dis ‘n omgewingsvriendelike alternatief tot steenkool-/kernkrag.
- In sekere munisipale areas kan die surplus elektristeit terugverkoop word aan die munisipaliteit* (eenhede i.p.v. kontant).
- Kapitaaluitgawes kan afgetrek word vanaf belasbare inkomste (100% in die eerste jaar).
- Verskeie installasie moontlikhede is beskikbaar.
- Geen geraasbesoedeling.
- Geen bewegende dele wat onderhoud benodig nie.
- Stelsels kan aangepas word om in u unieke behoeftes te voorsien.
- Alhoewel die aanvanklik kapitaaluitgawe hoog is, is die langtermyn eenheidskoste per kWh laer as die van Eskom en sal nie toeneem soos Eskom tariewe. Elektrisiteit is dus goedkoper oor die langtermyn.

3 Tipes stelsels:

1. Off-grid:

Met hierdie tipe stelsel is u geensins afhanklik van Eskom nie en word aan al u energiebehoeftes voldoen deur sonkrag. Sou die batterye nie genoegsame energie vir u behoeftes gestoor het nie, sal u dan sonder elektrisiteit sit, maar kan u behoefte aangevul word deur ‘n kragopwekker. Surplus elektrisiteit kan ook nie terugverkoop word aan die munisipaliteit nie, want u is nie aan die netwerk (“grid”) gekoppel nie.

2. Grid-tied (baie toepaslik op besighede, pakstore, fabrieke ens. Mees ekonomiese stelsel:

Met hierdie tipe stelsel is u gedeelte afhanklik van Eskom wanneer sonenergie nie opgewek kan word nie. (Geen batterye is van toepassing en elektrisiteit kan dus nie geberg word nie.) U kan wel terugverkoop aan sekere munisipaliteite wat dit toelaat. Surplus elektrisiteit word in die netwerk gestoor vir latere gebruik.

3. Hybrid (slegs lonend indien u nie elektrisiteit aan die munisipaliteit kan terugverkoop nie):

Met hierdie tipe stelsel word elektrisiteit in batterye gestoor. U kan dus onafhanklik van Eskom funksioneer, maar u is steeds aan Eskom gekoppel sou die batterye nie voldoende elektrisiteit geberg het vir u behoeftes nie. Surplus elektrisiteit kan ook aan sekere munisipaliteite terugverkoop word*.

*Munisipaliteite wat toelaat dat u teruglewer aan die netwerk betaal nie kontant terug vir elektrisiteit wat aan hul gelewer word nie, maar verhaal dit van u munisipale rekening.

Pompe

SSK Solar beskik or ‘n wye reeks van pompe. DC sowel as AC (met VSD’s). Hierdie pompe sluit in boorgat-dompelpompe, “transfer” pompe, swembad/visdam pompe en drukpompe.

Wat doen ons?

- Landbou
- Kommersieel (winkel / fabrieke)
- Residensieel (woonhuise)
- Lae koste behuising
- Pompe
- Lae druk son-warmwatersilinder

20 kW GRID-TIED STELSEL, SWELLENDAM

3 kW HYBRID STELSEL, SWELLENDAM

Vir meer inligting oor hoe solar energie kan waarde toevoeg tot jou besigheid, kontak gerus vir Hector Odendaal by 072 806 5669 of solar.ssk@gmail.com

MENSE EN DINGE

SSK Solar het op 20 April 2017 die Mosselbaai Sakekamer toegespreek oor die opwindende moontlikhede van solar energie. V.l.n.r Ray Nolan en Henri du Plooy (Specialized Solar Systems), Fanus Truter (Voorsitter van die Sakekamer) en Hector Odendaal (SSK Solar).

VIRBAC TAK- & BEMARKER VAN DIE JAAR

Heidelberg en Riversdal deel die Tak van die Jaar toekenning. V.l.n.r. Oeloff Badenhorst (Hoofbestuurder Handel), Johan Olkers (Heidelberg), Peter John Hoffman (Riversdal) en Dickie Rautenbach (Virbac).

Henry Rossouw van Swellendam is die Virbac Bemarker van die jaar. V.l.n.r. Dickie Rautenbach (Virbac), Henry Rossouw (Swellendam) en Oeloff Badenhorst (Hoofbestuurder Handel).

Agri Land

For a **UNIQUE** shopping experience, visit your nearest **AGRILAND** store!

ABERDEEN - TEL: 049 846 0489 • **ALBERTINIA** - TEL: 028 735 1094 • **AVONTUUR** - TEL: 044 752 3004 • **GEORGE** - TEL: 044 801 4500 • **HEIDELBERG** - TEL: 028 514 8600 • **HERBERTSDALE** - TEL: 044 651 1676 • **HEROLD** - TEL: 044 888 1626 • **KNYSNA** - TEL: 044 382 3027 • **KRAKEEL** - TEL: 042 274 2201/16 • **MISGUND** - TEL: 042 275 1409/21 • **MOSSELBAAI** - TEL: 044 601 1200 • **NOLL** - TEL: 044 745 1277 • **PLETTENBERGBAAI** - TEL: 044 533 0495 • **RIVERSDAL** - TEL: 028 713 2404 • **ROBERTSON** - TEL: 028 514 8684 • **STILBAAI** - TEL: 028 754 3520 • **SWELLENDAM (DORP)** - TEL: 028 514 8672 • **SWELLENDAM** - TEL: 028 514 8770 • **TWEE RIVIERE** - TEL: 042 273 1905 • **UNIONDALE** - TEL: 044 752 1217

SSK

www.ssk.co.za

Redaksie: Annelie van Wyk | Tel: (044) 601 1200 | avwyk@tagri.co.za

Renaissance Design & Print Studio (044) 691 3764